



GR 4 - 6 NUUSBRIEF

Eerste Kwartaal | Uitgawe 5 | Datum: 11 Februarie 2019

VERLEDE SONDAG...

Ons het verlede Sondag in Markus 14:1-21, 43-52 gelees hoe Judas, wie Jesus se vriend was, Hom vir 'n paar geldstukkies en met 'n soen verraai het. Dit het ons baie hartseer gemaak.

Daar is egter ook die mooi storie van die vrou wat Jesus se voete met kosbare Nardusolie gesalf het.

Ons het ook gesien hoedat Jesus ook bang geword het, en vir God gevra het om die beker by Hom te laat verbygaan, maar om nogtans nie Sy wil nie, maar God se wil te laat geskied.

Kom ons dink 'n bietjie oor ons eie lewens. Hoekom is ons dissipels van Jesus? Wat is daar in my hart? Wil ek Hom net gebruik, of wil ek Hom dien met alles wat ek het?

Jesus wil nie net ons Helper wees nie, Hy wil aanbid word, WANT HY IS GOD!



GESELS SAAM BY DIE HUIS...

Lees weer ons teks in Markus 14:1-21, 43-52 saam as gesin:

1. Judas se storie maak my Hoekom voel jy so?
2. Geld kan baie gevaarlik wees.
3. Ons aanbid Jesus, omdat
4. Die vrou wat olie oor Jesus se voete uitgegooi het, sal baie welkom voel in ons huis, want



KOLLEKTE

Ons wil net weer vra dat ouers hulle kinders sal aanmoedig om ietsie op 'n Sondag te bring vir die kollektiebord, al is dit hoe min.



Ewald van Rensburg skryf in sy boekie "30 Stories vir Jong-ore" dat kinders in 'n wêreld van kitsetes en kitsoplossings moet leer om te wag op God, want Hy wil vir elkeen van ons geskenke gee - OP SY EIE TYD!

BELANGRIKE DATUMS



Komende Sondag, **17 Februarie**, kyk ons saam na Markus

8:34-38; 14:26-31, 66-72. Ons tema is Verloën? Jy jok!

Sondag **24 Februarie** is ons Sending-Sondag. Ina Steyn wat tans in Wes-Europa vir Ywam werk, kom by ons kuier en gaan bietjie vir die kinders vertel watter belangrike werk sy vir Jesus doen, en hoe belangrik sendingwerk is. Maak seker jou kind/ers mis nie hierdie spesiale geleentheid nie.